

Maandbrief aan gemeente 27 JANUARIE 2021

Liewe Gemeentelid

Ons wens u elkeen weereens 'n baie voorspoedige jaar toe.

Ons wil ook ons diepe meegevoel betuig met die volgende persone wat geliefdes aan die dood afgestaan het tydens Desember 2020 en Januarie 2021; Carel van der Merwe (Anita), Sus Oosthuizen (Piet), tannie Alice Potgieter se familie. Indien enigiemand uitgelaat is, dra ons ook ons simpatie aan hul oor en wens hul sterkte met die rouproses toe.

Ons dank die Hemelse Vader dat ander wat ook siek was, gespaar is.

Laat weet asb. die kerkkantoor as daar ander gemeente-inligting is wat u ook graag in die Maandbrief wil laat opneem. Dalk kan u 'n besondere naam vir die Maandbrief voorstel. Ons soek ook iemand wat as redakteur/samesteller van die Maandbrief kan optree.

Dr Philip Venter sal DV op 1 Maart die leisels by Ds. Jan oorneem. Hy het reeds die beroep aanvaar.

Tot tyd en wyl die noodregulasies nog in swang is, sal geen eredienste in die kerkgebou plaasvind nie. Ons sal u op hoogte bring sodra enige verder nuus bekend word.

Groete

Bestuurspan

BELANGRIKE INLIGTING

Kerkalmanak 2021

Beskikbaar by Kerkkantoor. Indien u 'n elektroniese weergawe verlang, kan u op die webblad van die gemeente kyk www.calitzdorpkerk.co.za of u kan die kerkkantoor skakel 066 288 0048 of per e-pos laat weet om een aan te vra. Dit sal op 'n kwartaallikse grondslag aan u deurgegee word en sal voortdurend op datum gebring word.

SKOLE OPEN 2021

Onderwysers - 1 Februarie;

Leerlinge - 15 Februarie

Kerkraadvergadering

Die vergadering van 31 Januarie 2021 word eers uitgestel en daar sal elektronies met kerkraadslede gekommunikeer word in dié verband.

Môremerk 6 Februarie

word eers uitgestel tot verdere kennisgewing.

~~~~~